



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**EKONOMIE
VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008**

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae soos volg:

AFDELING A: VERPLIGTEND	(50)
AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae.	(150)
AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae.	(100)
2. Skryf die nommer van die vraag bo-aan elke antwoord.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Lees die vrae versigtig deur en begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2 – 3 lyne oop tussen onderafdelings van vrae.
6. Beantwoord in volsinne.
7. Slegs die vereiste aantal vrae sal gemerk word, in die volgorde waarin hulle in die ANTWOORDEBOEK voorkom.
8. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in potlood sal NIE gemerk word NIE.
9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

PUNTE: 300**MINUTE: 180**

AFDELING A: VERPLIGTEND	
VRAAG 1: 50 PUNTE – 25 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: KORTVRAE	Leeruitkomste gedek is: LU1 – LU4 (AS1 – AS4)
AFDELING B: BEANTWOORD ENIGE 3 VRAE UIT HIERDIE AFDELING.	
VRAAG 2: 50 PUNTE – 25 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: MAKRO-EKONOMIE	Leeruitkoms gedek, is: LU1 (AS1 – AS4)
VRAAG 3: 50 PUNTE – 25 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: MIKRO-EKONOMIE	Leeruitkoms gedek, is: LU2 (AS1 – AS3)
VRAAG 4: 50 PUNTE – 25 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: EKONOMIESE STREWES	Leeruitkoms gedek, is: LU3 (AS1 – AS4)
VRAAG 5: 50 PUNTE – 25 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES	Leeruitkoms gedek, is: LU4 (AS1 – AS4)
VRAAG 6: 50 PUNTE – 25 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: MAKRO- EN MIKRO-EKONOMIE	Leeruitkoms gedek, is: LU1 (AS1) & LU2 (AS2)
AFDELING C: BEANTWOORD ENIGE 2 VRAE UIT HIERDIE AFDELING.	
VRAAG 7: 50 PUNTE – 40 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: MAKRO-EKONOMIE	Leeruitkoms gedek, is: LU1 (AS2)
VRAAG 8: 50 PUNTE – 40 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: MIKRO-EKONOMIE	Leeruitkoms gedek, is: LU2 (AS1)
VRAAG 9: 50 PUNTE – 40 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: EKONOMIESE STREWES	Leeruitkoms gedek, is: LU3 (AS3)
VRAAG 10: 50 PUNTE – 40 MINUTE	
Onderwerp van hierdie vraag: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES	Leeruitkoms gedek, is: LU4 (AS1)

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 In 'n ekonomiese kringloop bestaan die geldvloei uit ...

- A produksiefaktore en finale goedere.
- B inkome en besteding.
- C slegs produksiefaktore.

1.1.2 Sakesiklusse is in die vorm van ...

- A sirkels.
- B golwe.
- C 'n lyngrafiek.

1.1.3 Een van die mikro-doelwitte van die fiskale beleid is ...

- A betalingsbalansstabiliteit.
- B die ontwikkeling van toerisme as ekonomiese sektor.
- C subsidies op brood.

1.1.4 'n Ander begrip vir prys is ... waarde.

- A ruil-
- B gebruiks-
- C skaarsheids-

1.1.5 Ondoeltreffendhede is 'n gevolg van markmislukkings en oor die algemeen betaal verbruikers ...

- A te hoë pryse.
- B te lae pryse.
- C pryse wat konstant bly.

1.1.6 As daar plek is vir slegs een besigheid in die industrie, praat ekonome van 'n ... monopolie.

- A volmaakte
- B onvolmaakte
- C mark-

- 1.1.7 Gemeenskappe in ... geniet 'n hoër lewenstandaard.
- A beide die Noordelike en Suidelike halfronde
 - B die Noordelike halfrond
 - C die Suidelike halfrond
- 1.1.8 Die Industriële Rewolusie wat in Engeland gedurende die negentiende eeu begin het , het op ... aktiwiteite gefokus.
- A landbou-
 - B vervaardigings-
 - C verspreidings-
- 1.1.9 'n Ekonomiese aanwyser wat aan produksie verwant is, is die ...
- A ekonomies-aktiewe bevolking.
 - B Gini-koëffisiënt.
 - C bruto binnelandse produksie teen huidige pryse.
- 1.1.10 'n Voorbeeld van verbruikersinflasie is ...
- A hooflyn-inflasie/oorkoepelende inflasie.
 - B produsente-inflasie.
 - C hiperinflasie.
- 1.1.11 Rotskuns is 'n tipiese voorbeeld van ...
- A staatsbetrokkenheid.
 - B kreatiewe kuns.
 - C inheemse kennisstelsels.
- 1.1.12 Om vleilande van algehele uitwissing te red, moet ... plaasvind.
- A beheer
 - B bewaring
 - C beskerming
- (12 x 2) (24)

- 1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

normale wins; oorlewingsvermoë; vraagkant; nywerheidsbeleid; dravermoë; vermenigvuldiger-effek; Bruto Binnelandse Produk; aanbodkant; lopende rekening; ontwikkelingsbeleid; finansiële rekening; ekonomiese wins

- 1.2.1 Internasionale transaksies in portefeuljebeleggings word in die ... aangeteken.
- 1.2.2 'n Situasië waar 'n verandering in besteding 'n oneweredige verandering in totale vraag veroorsaak, omskryf
- 1.2.3 Die minimum vergoeding wat vereis word om te voorkom dat die entrepreneur die mark verlaat, staan as ... bekend.
- 1.2.4 Owerheidsbeleid wat verband hou met die uitbreiding van die vervaardigingsektor, word dikwels na verwys as
- 1.2.5 Die maksimum aantal toeriste wat 'n toeriste-attraksie kan hanteer, word na verwys as die ... van 'n gebied. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Dubbeltelling	A	hef lae pryse om mededingers se winste negatief te beïnvloed
1.3.2	Lekkasies	B	kombinasie van stygende werkloosheid en inflasie
1.3.3	Geleentheidskoste	C	pensioene bygevoeg by die nasionale inkomesyfers
1.3.4	Prysoorloë	D	die waarde van die beste alternatief wat nie gekies is nie
1.3.5	Nywerheidsontwikkelingsones	E	ons inheemse omgewingsuniekheid soos die Kaapse Fynbosstreek
1.3.6	Verstedeliking	F	migrasie vanuit landelike gebiede na dorpe en stede
1.3.7	Stagflasie	G	belasting en investering is goeie voorbeelde
1.3.8	Wêrelderfenisterreine	H	nywerheidslandgoedere wat fisies omhein en met 'n internasionale hawe of lughawe verbind is
		I	'n algemene prysstyging
		J	is daarop gemik om infrastruktuur en besigheidsbeleggings na onderontwikkelde gebiede te lok

(8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2

- 2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 'n Land wat internasionaal handel dryf, het 'n (geslote/oop) ekonomie.
- 2.1.2 Sakesiklusse kom (gereeld/periodiek) voor.
- 2.1.3 Die kurwe wat die verwantskap tussen belastingkoerse en belastinginkomste wat deur owerhede ingevorder word, aantoon, staan as die (Laffer-/produksiemoontlikheids-) kurwe bekend.
- 2.1.4 Die proses waar die staat beheer oor privaat bates neem, staan as (privatisering/nasionalisering) bekend. (4 x 2) (8)
- 2.2 Noem DRIE soorte wisselkoersstelsels. (3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die tekenstorie en grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRU & BOEGIE - the kiffest comic in the WORLD!
by Mike Scott

Ek is so platsak soos 'n bedelaar op steroïede.

Jy't dan jou hele maand se inkome op pizza, DVD's, drank en lugtyd gespandeer

Eina, pizza, eina, DVD's, eina, GELD.

LOPENDE REKENING

Rbn

Year	Balance (Rbn)
1999	-10 000
2000	-10 000
2001	-10 000
2002	-5 000
2003	-20 000
2004	-50 000
2005	-75 000
2006	-110 000

SOURCE: SA RESERVE BANK

[Bron: *Financial Mail*, Mei 2007]

[Bron: SA Reserwebank]

- 2.3.1 Definieer die *betalingsbalans*. (3)
- 2.3.2 Watter neiging toon die lopende rekening tussen 2002 en 2006? (3)
- 2.3.3 Verduidelik die verband tussen die tekenstorie en die neiging wat die lopende rekening toon. (4)
- 2.3.4 Wat is die hoofrede vir die neiging van die lopende rekening oor die afgelope 4 jaar? (3)
- 2.3.5 Tot watter aksie kan die reserwebank oorgaan om hierdie verskynsel reg te stel? (3)
- 2.3.6 Watter uitwerking sal die neiging van die lopende rekening op buitelandse direkte investering en die wisselkoerse hê? (4)

2.4 Evalueer die belangrikheid van die openbare sektor, wat betrokke is by die voorsiening van openbare goedere en dienste in 'n Suid-Afrikaanse konteks. (16)
[50]

VRAAG 3

- 3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.1.1 Onder toestande van volmaakte mededinging, neig die helling van die vraagkurwe van 'n individuele besigheid (om te daal van links na regs/horisontaal).
- 3.1.2 'n Minimumprys wat bo die ewewigsprys vasgestel word, sal tot 'n (ooraanbod/surplusvraag) lei.
- 3.1.3 Wanneer slegs twee produsente die markaanbod manipuleer word daarna verwys as (duopolie/oligopolie).
- 3.1.4 Hoe groter die verskeidenheid wat deur 'n monopolis geskep word, hoe (groter/kleiner) sal die pryselastisiteit van vraag na sy/haar produk word. (4 x 2) (8)
- 3.2 Noem enige DRIE kenmerke van oligopolieë. (3 x 2) (6)
- 3.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Q	FC	VC	TC	AVC	ATC	MC
0	10	0	10	–	–	A
1	10	4	14	4	B	4
2	10	6	16	C	8	2
3	10	10	D	3,3	6,7	4
4	E	16	26	4	6,5	6
5	10	26	36	5,2	7,2	10
6	10	F	50	6,7	8,3	14
7	10	58	68	8,3	9,7	18
8	10	80	90	10	11,3	22

[Bron: Korttermynkostedata, *Oxford Successful Economics* p. 81]




- 3.3.1 Voltooi die tabel deur die ontbrekende letters A – F in te vul. (6)
- 3.3.2 Teken 'n grafiek met goeie byskrifte en stel die gemiddelde totale- en grenskostekurwes op dieselfde assestelsel voor. (8)
- 3.3.3 By watter produksievlak is die besigheid produksiedoeltreffend gegewe 'n markprys van R15,00? Dui ook die markprys op die grafiek aan. (3)
- 3.3.4 Beskryf die neiging van die grenskostekurwe. (3)
- 3.4 Verduidelik die gebruike van kostevoordeel-ontleding. (16)

[50]

VRAAG 4

- 4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.1.1 Die hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika het die owerheid aangemoedig om strategieë te implementeer om die land se ekonomiese (groeikoers/ontwikkeling) te versnel.
- 4.1.2 Maputo Ontwikkelingskorridor is 'n voorbeeld van 'n (ruimtelike ontwikkelingsinisiatief/nywerheidsontwikkelingsone).
- 4.1.3 Verbeterde internasionale mededingingsvermoë van plaaslike besighede is 'n voordeel van (uitvoerbevordering/ invoervervanging).
- 4.1.4 Suid-Afrika se bevolkingsgroeikoers, in vergelyking met dié van ontwikkelde lande, word gesien as 'n sosiale aanwyser met betrekking tot (demografie/verstedeliking). (4 x 2) (8)
- 4.2 Noem enige DRIE argumente ten gunste van vryhandel. (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die onderstaande grafieke en beantwoord die vrae wat volg.

<p style="text-align: center;">Staatskuld-koste as % van BBP</p>  <p style="text-align: center;">Bron: M-net-brug</p> <p style="text-align: center;">FIGUUR A</p>	<p style="text-align: center;">Armoede en ongelyke inkome</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse; text-align: center;"> <thead> <tr> <th></th> <th>1993</th> <th>2004</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>% mense onder armoedelyn</td> <td>50,3 %</td> <td>46,9 %</td> </tr> <tr> <td>% mense bo weeldelyn</td> <td>9,2 %</td> <td>9,8 %</td> </tr> <tr> <td>Afrika per capita inkome as % van wit inkome</td> <td>10,2 %</td> <td>1,9 %</td> </tr> <tr> <td>Gini-koëffisiënt vir SA bevolking</td> <td>0,55 %</td> <td>0,60 %</td> </tr> </tbody> </table> <p style="text-align: center;">FIGUUR B</p>		1993	2004	% mense onder armoedelyn	50,3 %	46,9 %	% mense bo weeldelyn	9,2 %	9,8 %	Afrika per capita inkome as % van wit inkome	10,2 %	1,9 %	Gini-koëffisiënt vir SA bevolking	0,55 %	0,60 %
	1993	2004														
% mense onder armoedelyn	50,3 %	46,9 %														
% mense bo weeldelyn	9,2 %	9,8 %														
Afrika per capita inkome as % van wit inkome	10,2 %	1,9 %														
Gini-koëffisiënt vir SA bevolking	0,55 %	0,60 %														
<p style="text-align: center;">Werkloosheid in SA, in vergelyking met ander middel-inkome lande, vroeë 2000's</p> <p style="text-align: center;">% van arbeidsmag</p>  <p style="text-align: center;">[Bron: Wêreldbank, Wêreldontwikkelings-aanwysers 2006]</p> <p style="text-align: center;">FIGUUR C</p>	<p style="text-align: center;">VPIX- en VPI-inflasie</p>  <p style="text-align: center;">[Bron: Stats SA]</p> <p style="text-align: center;">FIGUUR D</p>															

- 4.3.1 Hoekom gebruik ons ekonomiese aanwysers? (3)
- 4.3.2 Verduidelik die ekonomiese aanwyser soos in FIGUUR A vertoon. (4)
- 4.3.3 Wat word met die Gini-koëffisiënt in FIGUUR B gemeet? (3)
- 4.3.4 Interpreteer die Gini-koëffisiënt-syfers tussen 1993 en 2004. (4)
- 4.3.5 Hoekom is Suid-Afrika se werkloosheidskoers so hoog in vergelyking met ander middel-inkomste lande? Verwys na FIGUUR C. (3)
- 4.3.6 Hoekom is die VPIX-syfer laer as die VPI-syfer? Verwys na FIGUUR D. (3)

4.4 Vergelyk en evalueer kleinsake-ontwikkeling en swart ekonomiese bemagtiging (SEB) as deel van die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsbeleid. (16)
[50]

VRAAG 5

- 5.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 5.1.1 Prys dalings oor 'n volgehoue tydsperk staan as (inflasie/deflasie) bekend.
- 5.1.2 Akkommodasie word as (direkte/indirekte) besteding op toeristegoedere gesien.
- 5.1.3 Afvalprodukte word deur (produksie/verbruik) geskep.
- 5.1.4 Ekonomiese doeltreffendheid beklemtoon grens- (voordele/ besluitneming). (4 x 2) (8)
- 5.2 Noem enige DRIE ekonomiese effekte van toerisme. (3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

CHINA VS. AARDE: HOE CHINA DIE WÊRELDOMGEWING BEDREIG

Beijing ken die koste van werkloosheid: 'n onlangse omvangryke amptelike studie oor klimaatsveranderinge voorspel 'n afname van tot 37% van China se koring-, rys- en mielie-opbrengste in die tweede helfte van die eeu. Neerslag kan met soveel as 30% in drie van China se sewe grootste rivierstreke afneem: die Huai, Liao en Hai. Hierdie riviere onderhou die rykste streke van die land, maar sal uiteindelik vloede en dan droogte ondervind, soos die gletsers smelt.

'n Meterhoë styging in seevlak sal 'n area so groot soos Portugal, teen China se oostelike kusgebied, verswelg – tuiste van meer as die helfte van die land se bevolking en 60% van sy ekonomiese uitset.

Die Chinese owerheid versoek dat hernubare energie 10% van die land se krag teen 2010 en 15% teen 2020 voorsien. Sleutelstaatsbeheerde besighede en provinsiale owerhede moet 20% daling in hul energie-intensiteit oor die volgende drie jaar toon.


[Uittreksel uit: *Skyways*, Julie 2007]

- 5.3.1 Definieer *toerisme*. (3)
- 5.3.2 Skryf die sin neer wat die aktiewe betrokkenheid van die owerheid in China se produksie toon? (3)
- 5.3.3 Watter deel van die uittreksel dui aan hoe China die wêreld bedreig? (3)
- 5.3.4 Wat is die huidige verbintenis tussen energievoorsiening in China en Eskom se voorsiening in Suid-Afrika? (6)
- 5.3.5 Noem EEN strategie deur die res van die wêreld om die krisis in China op te los. (3)
- 5.3.6 Hoe beïnvloed die omgewing toerisme? (2)
- 5.4 Ontleed omgewingsvolhoubaarheid ten opsigte van besoedeling, beskerming, bewaring en eksternaliteite. (4 x 4) (16)
- [50]**

VRAAG 6

- 6.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (6.1.1 – 6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 6.1.1 Betalings ontvang op goedere uitgevoer, word as 'n (lekkasie/inspuiting) beskou.
- 6.1.2 Die monetariste meen dat (eksogene/endogene) faktore afwykings in 'n ewewigstaat veroorsaak.
- 6.1.3 'n Dokument wat die verwagte inkomste en beraamde uitgawes bevat, word ('n begroting/langtermynbeplanning) genoem.
- 6.1.4 'n Styging in die prys van 'n geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid word (appresiasie/depresiasie) genoem. (4 x 2) (8)
- 6.2 Noem enige DRIE kenmerke van monopolistiese mededinging. (3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



6.3.1 Gebruik die onderstaande inligting en bepaal die waardes van A – G:

- Totale produksie = R10 000
- Inkomstebelasting = R2 000
- Besparings = R1 000
- Invoere = R2 500

(7)

6.3.2 Gebruik die ekonomiese kringloopmodel en verduidelik die uitwerking van 'n afname in inkomstebelasting op die vlak van produksie.

(4)

6.3.3 Identifiseer die verskillende vloei in die ekonomiesekringloopdiagram vir 'n oop ekonomie, en gee EEN voorbeeld van elk.

(4)

6.3.4 Skryf 'n formule neer wat jy sal gebruik om die BBP volgens die bestedingsmetode, BBP (E), te bereken.

(5)

6.4 Verduidelik eksternaliteite en openbare goedere as redes vir markmislukking.

(2 x 8)

(16)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

- I. Opstelantwoorde moet 'n inleiding, inhoud en slot insluit. Vir die inhoud en slot sal 5 punte toegeken word. Daarby sal 5 punte toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp en taalgebruik. 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.
- II. Ander langantwoord-vrae: Vir die struktuur sal 5 punte toegeken word. Daarby, sal 5 punte toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp en taalgebruik. 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.
- III. Langantwoord-vrae, waar 'n brief vereis word:
- 5 punte toegeken vir die formaat van die brief en wel soos volg:
3 punte vir die aanhef en 2 punte vir die slot;
 - 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp en taalgebruik toegeken word.
 - 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

VRAAG 7

"Dit is ekonome se werk om gebeurtenisse soos hulle plaasvind te ontleed, te verduidelik en hulle toekomstige gedrag te voorspel of vooruit te skat." – Mike Levin

Bespreek hoe sakesiklusaanwysers in vooruitskatting gebruik word. Gebruik 'n diagram om 'n tipiese sakesiklus te verduidelik. Voltooi jou bespreking met 'n nota aan die plaaslike sakekamer, waarin jy aandui waar, na jou mening, ons by 'n sekere punt in die siklus is.

[50]**VRAAG 8**

Dit is die doelwit van besighede wat in 'n vryemarkstelsel sake doen om hul winste te maksimeer. Die nywerheid word gekenmerk deur 'n vryheid van toe- en uittrede.

Skryf 'n opstel en verduidelik volledig met behulp van 'n diagram hoe langtermynewewig vir die nywerheid onder toestande van volmaakte mededinging bereik word.

[50]**VRAAG 9**

Sedert 1994 het Suid-Afrika aansienlike vordering getoon wat betref die versterking van bilaterale ooreenkomste met sy grootste handelsvennote. Dit het hoofsaaklik die vorm van vryehandelsgebied-protokolle aangeneem.

Skryf 'n brief aan die Minister van Handel en Nywerheid, waarin jy die argumente ten gunste van beskerming proteksionisme bespreek. Evalueer SADU, SAOG en AU as die vernaamste protokolle in terme hiervan.

Adres van die ontvanger: Privaatsak X101
Kaapstad
8000

[50]

VRAAG 10

Die Amerikaanse komediant, Art Buchwald, het inflasie eenkeer soos volg beskryf:

"In 1887 was daar 'n kroeg-en-restauranteienaar in San Francisco genaamd George Inflasie. Op 'n dag ontvang hy nie skeepsvrag uit die Ooste nie. Aangesien die vraag so groot was, besluit George Inflasie om 15 sent per glas, in plaas van die standaard 10 sent, te vra. Hy gebruik ook kleiner glase. Hierdie optrede van George het nie verhoed dat sy klante steeds hierdie produkte koop nie; hy verhoog dus die prys tot 20 sent, en toe 25 sent. Die ander kroë in San Francisco het hul pryse dienooreenkomstig verhoog en wanneer hul klante gekla het, het hulle gesê, 'Blameer Inflasie'." – Mc Ewan, A & Weisskopf

Skryf 'n opstel oor inflasie, waarin die beleide wat aangewend word om inflasie te beveg, bespreek word. Sluit jou opstel af met die belangrikste maatreël wat deur die Reserwebank gebruik word om inflasie te beveg en evalueer kortliks die doeltreffendheid van hierdie maatreël.

[50]**TOTAAL AFDELING C: 100****GROOTTOTAAL: 300**